# Huisgeloof

Druk afdeling

Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Gebruik ’n rekenaar of ’n selfoon en gaan na Google Earth. Tik gerus julle huisadres in en skakel “street view” aan. Julle behoort nou julle huis op die skerm te sien. Probeer om met die pyltjies na ’n ander plek, soos die naaste winkel of die kerk, te reis. Julle kan dit selfs op meer as een rekenaar of selfoon doen. Dan kan julle ’n kompetisie hou om te sien wie die plekke die vinnigste vind.

Gesels saam:

- Was dit moeilik om die plek te kry omdat jy nie die adres mag intik nie?
- Hoekom is dit belangrik om te weet in watter rigting jy moet gaan?
- Wat het jou gehelp om uiteindelik die plek te kry? Het jy sekere bakens gehad? Ken jy dalk die straatname?

## WONDER

Lees Johannes 14:1-14 saam.

Gesels saam:

- Waarheen is Jesus op pad volgens hierdie gedeelte en wat gaan Hy daar doen?
- Los Jesus ons dan alleen? Hoekom sê julle so?
- Die lewe waarvan ons hier lees, is nie net vir eendag nie. Dit begin vandag reeds, want Jesus het gesê: “Ek is die weg, waarheid en die lewe.” Wat beteken dit vir jou dat Jesus nou by jou is sodat jy die ware lewe nou reeds kan ontvang?

## WEES

Ontmoeting 2 tot 7 vorm ’n reeks oor die “Ek is”-uitsprake. Dit gaan julle help verstaan wie Jesus is. Julle kan die uitsprake op een plek in julle huis uitbeeld. Dalk in die middel van die eetkamertafel of op ’n ander praktiese plek.

*Ek is die weg en die waarheid en die lewe* is die sesde uitspraak. Voeg hierdie week ’n padkaart, pyl of padteken by julle uitstalling.

*Alternatief*: Teken ’n groot pyl op ’n skoon vel papier. Skryf die volgende bo die pyl: Ek is die weg en die waarheid en die lewe.

## WEGSTUUR

Dink aan die roete wat julle na die kerk toe ry. Watter roetemerkers is daar langs die pad? Hoe sou julle die pad vir mense verduidelik? Wanneer julle weer daardie roete ry, onthou Jesus se woorde: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.”